TAX EXEMPTION UNIT

NAVRAE
Me M C Vice

TELEFOON
(012) 422 8827

FAKSIMILEE
(012) 422-8830

E pos
mvice@sars.gov.za

PBO No.*
930006348

My verwysingsnommer*
MV0018/01/05

DATUM
31 Januarie 2005

Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Tax Exemption Unit (TEU)
Pro Equity Court
Pretorius Straat 1250
Hatfield
Pretoria

Posbus 11955
HATFIELD
0028

Tel.: (012) 422 8800
Fax: (012) 422 8830
E pos; teu@sars.gov.za

*Meld asseblief my verwysinsnommer in alle korrespondensie met die TEU.

Die Direkteur: Finansies en Administrasie
BADISA
Privaatsak X8
Bellville
7535

09 FEB 2005

Geagte meneer

VRYSTELLING VAN INKOMSTEBELASTING EN GOEDKEURING IN GEVOLGE ARTIKEL 18A: BADISA

Ek skryf met verwysing na u aansoek om belasting vrystelling.

1. Hiermee word bevestig dat:

   1.1. Die organisasie as 'n openbare weldaadsorganisasie ingevolge artikel 30 van die Inkomstebelastingwet goedgekeur is en dat die ontvangstes van en toevallings van bogenoemde instelling vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge die bepalings van artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet (die Wet);

   1.2. Die openbare weldaadsorganisasie goedgekeur is vir doeleindes van artikel 18A(1)(a) van die Wet en skenkings aan die openbare weldaadsorganisasie sal aftrekbaar wees in die hande van die skenker in gevolge en onderhewig aan die bepalings voorgeskryf in artikel 18A van die Wet;

   1.3. Skenkings deur of aan die openbare weldaadsorganisasie van belasting op geskenke ingevolge artikel 56(1)(h) van dieselfde Wet

vrygestel is;

1.4. Testamentêre bemakings of toevallings uit bestorwe boedels ten boedelbelasting ingevolge artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet, No. 45 van 1955, vrygestel sal wees;

1.5. Die openbare weldaadsorganisasie ingevolge artikel 4(1)(f) van die Wet op Seëlregte, 1968 vrygestel sal wees van seëlregte ten opsigte van enige stuk wat deur of ten behoewe van die openbare weldaadsorganisasie verly word, indien die seëlregte daarop wettiglik deur die openbare weldaadsorganisasie betaalbaar sou wees en gedra sou moes word.

2. Dit word onder u aandag gebring dat die betrokke vrystellings en goedkeuring aan die volgende voorwaardes onderhewig is:

2.1. Die openbare weldaadsorganisasie sal, binne 'n tydperk van vyf jaar, die stigtingsdokument wysig om aan die bepalings van artikel 30 van die Inkomstebelastingwet te voldoen.

2.2. Die vrystellings wat in paragraaf 1 hierbo verleen is, is daaraan onderhewig dat hulle jaarlikse oorweeg word by ontvangs van die finansiële state.

2.3. Jaarlikse opgawes, tesame met finansiële state, moet jaarliks by die Hoof: Belastingvrystellings (Head: Tax Exemption Unit) ingedien word.

2.4. Die volgende besonderhede moet aangedui word op die kwitansies wat in gevolge artikel 18A uitgereik word:

2.4.1 die verwysingsnommer van die openbare weldaadsorganisasie wat vir die doeleindes van hierdie

artikel deur die Kommisaris uitgereik is (soos aangedui op hierdie brief)

2.4.2 die datum van ontvangs van die skenking;

2.4.3 die naam van die openbare weldaadsorganisasie wat die skenking ontvang het, tesame met 'n adres waaraan navrae in verband daarmee gerig kan word;

2.4.4 die naam en adres van die skenker;

2.4.5 die bedrag van die skenking of die aard van die skenking (indien nie in kontant gedoen nie); en

2.4.6 'n sertfisering dat die kwitansie uitgereik word vir die doeleindes van artikel 18A van die Inkomstebelastingwet, 1962, en dat die skenking uitsluitlik vir die doeleindes van die betrokke openbare weldaadsorganisasie gebruik is, of sal word. Hierdie sertifikaat moet onderteken word deur 'n geoktrooieerde rekenmeester (CA).

Die uwe

MC Vice

ns KOMMISSARIS VAN DIE SUID AFRIKAANSE INKOMSTE DIENS